RUITER RAPPORT

1/2016

Van die Redaksie

2016 se eerste kwartaal is amper verby en iewers tussen die nuwe Druppels, 'n ruiter roomyskuier by McDonalds en bybly met al die werk en sport, het weke verbygevlieg. Elke ruiter het hierdie jaar begin met ten minste een perde droom - om iets reg te kry, om meer van iets en minder van iets anders te doen, om iets nuuts te probeer - maar elkeen het begin met 'n droom. Dalk het jy vir ander gesê dis jou nuwejaarsvoorneme, maar eintlik is dit jou droom… Anders as 'n nuwejaarsvoorneme, is 'n droom iets wat jou aan die gang hou, iets wat in jou brand om harder te probeer, maak nie saak wat gebeur nie. Ek dink die belangrikste verskil tussen 'n nuwejaarsvoorneme en 'n droom, is dat 'n droom nie so tydgebonde is nie, want drome is vir altyd. En partykeer is die altyd, NOU en jou drome laat jou vlieg. Maar wanneer alles verkeerd gaan, wanneer dinge buite jou beheer op jou pad kom lê soos 'n plaat dorings waaroor jy moet loop, wanneer niemand verstaan nie, sal jou droom steeds in jou hart bly brand, want 'n ruiter se droom vervaag nooit nie!

Iemand het onlangs gesê, "as dit voel of niks ooit gaan uitwerk nie, hou net uit, want dit GAAN uitwerk". Hierdie kwartaal het ons ruiters gehad wie se drome hulle reeds laat vlieg het en Waterkloof kan trots wees op puik prestasies by die skoue. Vir ander ruiters loop hulle drome op die oomblik oor die doringpad. Daar is geen ander sport wat so afhanklik is van jou as ruiter se positiewe ingesteldheid nie, want dis 'n hart-sport en jou perd weet wat jy voel lank voordat jy dit uitgevind het.

Vir ons generasie van "Quotes" tieners, Hou uit en – 'NEVER STOP DREAMING'.



Klubfooie 2016: R400 per ruiter

Het jy geweet??

- Sowel hingste as merries is op twee jaar seksueel volwasse. Hulle word egter selde vir teling gebruik voordat hulle drie jaar oud is. Die draagtydperk is sowat elf maande en gewoonlik word net een vulletjie op 'n keer gebore

- Een van die vinnigste maniere om 'n perd 'n siektekondisie genaamd "Monday morning disease" te laat opdoen, is om hulle op volle kos te hou en alleenlik oor naweke te ry. "Monday Morning Disease" is welbekend en veroorsaak erge spierskade by perde as gevolg van die feit dat die perde nie standhoudend geoefen word nie.

- Die perd het oor die afgelope 45 tot 55 miljoen jaar ontwikkel van 'n klein dier met vyf tone tot 'n enkeltonige dier. Die perd se hoef is eintlik die vergrote nael van die middeltoon.

Maart Spreuke:



Ontmoet jou 2016 Spankapteine: Bianca de Jager

Wanneer het jy begin perdry? Hierdie jaar is my 5de jaar wat ek eintlik perdry. Ek het in graad 1 en 2 gery net om iewers te leer, maar na die twee jaar het ek vir lank net op uitritte gery. In graad 8 het ek weer begin ry, maar ek het eers in graad 10 (2014) met SANESA se Core League begin.

Wie inspireer jou as ruiter? Lorette Knowles-Taylor en Nicole Horwood inspireer my. My sussie is ook iemand na wie ek graag opkyk vir haar deursettingsvermoë, ingesteldheid en moed in die lewe.

Wat is jou perd(e) se naam en hoe lank het jy hom/haar? My perdjie is Spring Blossom en sy is eintlik 'n ponie, maar in haar hart is sy 'n perd. ;) Sy is nie my eie perd nie en ek deel haar met 'n ander volwasse dame, Chantal by ons stalle. Dit is my 2de jaar wat ek haar ry en ons groei met elke tree saam.

In watter dissiplines neem jy deel? Ek neem deel aan die 80cm spring klasse en Equitation level 2 (70cm).

Wat is jou gunsteling deel van ‘n skou en hoekom? Ek geniet dit die heel meeste om te sien hoe ons vorder. Wanneer ons deur ‘n baan vlieg sonder ‘n fout voel dit soos hemel op aarde. Ek geniet dit ook baie om te kyk hoe die ander mense deelneem en almal mekaar ondersteun ongeag jou skool, prestasie, klub, ens.

Jou beste skou oomblik? Toe ons hierdie jaar by Q1 vir die eerste keer na 10 klasse van eliminasie agv weierings by 3 skoue weer ‘n baan kon voltooi! Dit was vir my baie spesiaal omdat ek so hard daaraan moes werk om my verhouding met my perd te bou en haar vertroue te wen (julle weet mos hoe merries soms kan wees ☺)

Jou beste perde ‘memory’ tot nou toe? Hahaha hoe kies mens een? Ek dink dit sal tussen twee moet wees. Ons het een keer boersport gespeel toe ek nog nie lank gery het nie en dit was vet pret. Die ander een was toe ons op ‘n plaas net voor die Drakensberge gaan ry het. Dit het my ‘n liefde vir perdry en die natuur gegee wat nooit sal weggaan nie.

Jou gunsteling kos? Ek dink daar bestaan heeltemal te veel disse om net een te kan kies. Enige kos wat goed voorberei is en lekker lyk, maar ek moet by sê dat ek nogal een met ‘n soettand ook is…

Het jy ‘n kêrel en hou hy van jou perd? Nee wat, my cowboy beweeg iewers teen ‘n slakkepas.

Wat is jou “perde droom” of wat wil jy graag met jou perdry bereik? My perdry is vir my iets wat balans in my lewe bring. Ek wil perdry ‘n lewenslange droom maak, sodat ek dit nie verloor nie. Miskien eendag sal ek graag ‘n meter baan wil spring en dalk ‘n plaas met ‘n paar perde besit, maar op die korttermyn ry ek want dis lekker en ek kan ontspan.

Ander stokperdjies? Ek is mal daaroor om ‘n goeie romantiese fliek te kyk in my vryetyd of ‘n boek te lees. Ek ry ook dan bergfiets, soms meer ernstig as ander kere.

Enige raad vir ons ruiters? George Lucas het gese: “Always remember - your focus determines your reality”. Dit geld vir alle dinge, maar hou jou fokus op die Here en dit wat jy wil bereik en hou vas aan dit waarin jy glo.

Moet ook nooit moed verloor nie. Ek het eendag gelees dat daar net 2 emosies in die saal hoort, die een is ‘n sin vir humor, sonder dit raak mens negatief en verloor jy die hartjie van die sport, die ander een is geduld. Om resultate te kry vat tyd maar glo elke een wat dit tot bo gemaak het : dis die moeite en pad wat jy stap werd.



Ruiters vertel:

Om nie ‘n perd te hê om te ry nie, laat mens mal gaan in die binnekant. Dis soos om vir ‘n super atleet te se hy is vir maande uit en kan nie hardloop nie omdat hy ‘n besering het. Dis aaklig!
Maar ek het besef ek gaan aanhou so voel totdat ek ‘n plan maak. "Gryp geleenthede wanneer dit oor jou pad kom" - dis wat my ma altyd sê. As jy van mense weet wat met vakansie gaan en hulle perde kort oefening, ry hulle. As iemand nie tyd het om hulle perde te ry nie, gee aan daardie perde aandag en ry hulle. Ek het ‘n lewenslessie so geleer: as jou omstandighede nie perfek is soos wat jy dit wil he nie, maak ‘n plan. Deur dit te doen is my "perdesiel" gevoed. Dit gaan nie vanself beter en ideaal word nie, jy moet dit maak soos wat jy dit wil hê. So maak jy jou lewe interessant en lekker deur die beste van elke situasie te maak.

Suzaan de Villers

Die belangrikheid van goedpassende tuig

Ons almal weet hoe belangrik en duur al ons tuig (m.a.w ‘tack’) is. Dit moet gemaklik en netjies wees, maar soms vergeet ons dat ons perde ook gemaklik moet wees, en gemaklik kan beweeg sonder om seer en ongemak te ervaar.

Weier jou perd soms dat jy die toom opsit? Kyk dan of sy toom reg en gemaklik pas, hom nie seermaak of hom irriteer nie. Kyk sommer ook of die stang nie onderstebo is en die perd se mond knyp nie.

Dans jou perd rond of probeer hy jou byt wanneer jy opsaal? Weier hy om ‘n sekere opdrag uit te voer? Dit is dalk omdat hy seer het. Kyk dat jou saal reg pas en hom nêrens druk of skaaf nie. Kyk dat jou saal vier vingers bo die perd se skof is en jou hand maklik orals kan verbyskuif, sonder dat dit vashaak tussen die saal en die perd se rug.

‘n Saal en toom wat reg pas kan ‘n groot verskil maak in hoe jou perd optree en reageer op spesifieke instruksies, en dit is dus uiters belangrik dat jou saal en toom jou perd perfek pas.

Ingrid Cronjé

Hartskind

Sy ritmiese hoefslae klink in my ore en ek voel my gedagtes gaan verlore
Weg na ‘n plek ver hiervandaan, tussen die sterre en onder die maan.

Daar is net een plek vir my hart - en dis met lang bene oor sy rug gesak
Wind tussen sy ore is waar die hemel rus, en daar voel ek veilig gekus.

Die gras waai verby en ek is op die plek waar ek alles kan vermy
Te koop vir geen geld, sy runnik van blydskap en ons vryheid in die veld

Veilig tussen sy blaaie, sonder ‘n saal en al die lawaaie
Bly rus en vrede, my begin en verlede
Op sy rug is waar ek myself bevind

Dominique de Jager

Nuus uit die omgewing (uit Centurion Rekord)

Pronk, ‘n vierjarige hings, het Donderdag 9 Maart Facebook en die Centurion-gemeenskap op hol gehad toe dit gelyk het of hy by die Eldo Lakes Estate in die Hennopsrivier se vloedwater vasgekeer was. Motoriste het foto’s geneem en op sosiale media gelaai en hulp uit alle oorde ontbied. Vir Pronk was dit egter net ‘n lekker uitstappie. Hy het in die afgekampte gebied van die landgoed grootgeword en het die area goed geken. Die perde daar speel blykbaar gewoonlik in die reën, rol en bok in die waterplasse. Hy was nie regtig in gevaar nie, maar die polisie, brandweer, paramedici en die DBV het almal kom help. Wys jou weer hoe lief mense vir perde is ☺

Ruiter kalender

DAGBOEK, NOOI VRIENDE EN KOM KUIER SAAM:

Dins 5 APRIL 2016

SPUR-AAND Woodlands Mall (Fondsinsameling)

(Ruiters is kelners en kelnerinne vanaf 18:00!Klofies kry 10% van aankope)

Woens 27 APRIL 2016

Amadeus Rocks (met die Ruiters! @ Barnyard Parkview)

(20:00, deure open 18:30 @ R160.00 per kaartjie) Heerlike Platters en pizzas kan vooraf bestel word. Betaal jou geld in Waterkloof se rekening – verwysing **8200/750(jouVan)Barn,** stuur bewys van betaling na klofiesperdry@gmail.com en ons stuur jou kaartjie.
Kontak Marlet (083 4174 845) / Carla (083 376 2368)



After the tremendous success of Roll Over Beethoven, The Barnyard Theatre presents Amadeus Rocks. Wolfgang Amadeus Mozart comes back to life as a sexy, romantic, dead composer who has finally been given the chance to rock and roll. Amadeus Rocks features 9 musicians and singers who are all superb at their craft as they run through more than 30 songs. From the opening chords of Mozart's Eine kleine Nachtmusik till the closing bars of Bob Seger's Old Time Rock and Roll, Amadeus Rocks takes the audience on a journey through four decades of rock and soul, with a few classical hits to spice up the show. Throughout this two-hour musical extravaganza the audience has a superb showcase of music where Bach meets Pink Floyd and Amadeus rocks to the music of Stevie Wonder, Meat Loaf, Pink Floyd, Vanessa Mae, Kelly Clarkson, Shania Twain, Christina Aguilera, The Moody Blues and many more! What will Amadeus make of these classics of the rock & soul genre? His famous Rondo Alla Turca running into Bryan Adams' All for Love? Well, why not? And that sets the scene for Amadeus conducting The Can-Can, and joining the band in the Electric Light Orchestra classic, Rock 'n' Roll is King. The result is great variety and incredible fidelity to the originals as well as a consistently high standard of musicality, both instrumental and vocal. Value-for-money entertainment doesn't come much better than this!

Wat nog?

Net die gewone, stresvolle, opwindende skoue ☺ :

SANESA datums:

19 Maart	Q2 Western Mounted Games;
19-20 Maart	Q1 Eventing: Fourways
19 Maart	Endurance: Loskop
26 Maart	Endurance: Onderstepoort
1 April	Endurance: Modimole
16 April	Endurance: Leandra
23 April	Q3 Western Mounted Games
30 April-1 Mei	Q2 Eventing: NFEP
7, 8 Mei	Q3 Core League
14 Mei	Endurance: Heidelberg
21 Mei	Q3 Eventing: Springs

28 Mei	Endurance: Sondela
4, 5 Junie	Q4 Core League
11 Junie	Q4 Western Mounted Games
11 Junie	Q4 Eventing: Misty Meadows
24 Junie	Skole SLUIT

Vir die JUNIE Ruiter Rapport:

Ons soek die beste "BOK-stories", begin solank skryf (nie noodwendig oefen nie)



Skou Uitslae, 1ste Kwartaal 2016

Baie geluk aan almal wat so goed doen, almal wat aanhou probeer en almal wat hulle eie prestasies verbeter. Ons is trots op ons Klofies!

Western Mounted Games Q1 19 Februarie

Lizelle Claassens	Bi Rangle – 2de
	Poles 1 - 2de
	Quadrangle – 1Ste
	Speed Ball - 1Ste
	Speed Barrels – 2de
Overall 2de	Skool Punte 497
Lezanne Dekker	Bi Rangle – 6de
	Poles 1 - 6de
	Quadrangle –7 de
	Speed Ball - 1ste
	Speed Barrels – 3de
Overall 6de	Skool Punte 482



Core League Q1 5 & 6 Februarie

Ruiter	Klas	Perd	Aantal inskr	Plek
Bianca de Jager	Class H2SJ05	Spring Blossom	51	37
	Class H2SJ06		50	9
Dominique de Jager	Class H3EQ04	Classic Fountain	33	26
	Class H2SJ05		51	34
	Class H2SJ06		50	32
	Class H3WH02		30	16
Ingrid Cronje	Class H3EQ04	Spoil Me Sabrina	33	21
	Class H2SJ05		51	38
	Class H2SJ06		50	23
Karla Pienaar	Class H1DR02a	Brandbach Allerweld Son	45	39
	Class H1DR02b		46	44
	Class H1PR02		17	16
	Class H1WR02		18	17
	Class H1InU01		11	11
Liezel Belsten	Class H4EQ05	Mahamba	13	7
	Class H4SJ09		26	21
	Class H4SJ10		25	21
	Class H5WH03		15	12
	Class H5EE01		8	3
Marjon Schouwstra	Class H2EQ03	Z.E.C. Drum Power	30	1
Marlanie Wilkinson	Class H1WR02	Georgina Gesme	18	15
	Class H1InU01		11	10
	Class H1PC01a		22	18
Nicole Schalkwyk	Class H1PC01a	Bubbles	22	19
Tristian Du Plessis	Class H2DR03a	De Ja Vu	31	4
	Class H5PR04		10	5
	Class H7WR05		9	3
	Class H4EQ05		13	2
	Class H3SJ07		34	2
	Class H3SJ08		37	13
	Class H5WH03		15	1
	Class H5EE01		8	3

Core League Q2 5 & 6 Maart

Ruiter	Klas	Perd	Aantal inskr	Plek
Bianca de Jager	Class H2EQ03	Spring Blossom	31	17
	Class H2SJ06		46	31
	Class H2SJ05		48	38
Ingrid Cronje	Class H3EQ04	Spoil Me Sabrina	40	32
	Class H2SJ06		46	35
Karla Pienaar	Class H1InU01	Brandbach Allerweld Son	12	10
	Class H1PR02		19	18
	Class H1DR02b		46	45
	Class H1DR02a		47	47
Liezel Belsten	Class H5EE01	Mahamba	4	2
	Class H5WH03		14	5
	Class H4EQ05		12	7
	Class H4SJ10		19	8
	Class H4SJ09		20	12
Liezel Belsten	Class H3SJ08	Cornerstone's Levi	46	19
	Class H3SJ07		44	27
Marjon Schouwstra	Class H3SJ07	Z.E.C. Drum Power	44	10
	Class H2EQ03		31	12
	Class H3SJ08		46	36
Marlanie Wilkinson	Class H1WR02	Georgina Gesme	20	14
Marlanie Wilkinson	Class H1PC01a	Benjamin Franklin	28	21
	Class H1SJ03		53	23
Nicole Schalkwyk	Class H1PC01b	Bubbles	21	18
	Class H1PC01a		28	27
	Class H1WR02	Seeking Moderation	20	19
Tristian Du Plessis	Class H4EQ05	De Ja Vu	12	1
	Class H5WH03		14	1
	Class H7WR05		9	1
	Class H3SJ07		44	2
	Class H5EE01		4	2
	Class H2DR03a		30	3
	Class H5PR04		9	4
	Class H3SJ08		46	29